*Feature Article*

# Die Geneesheer se vrou: 'n Dilemma!

**— Prof Martin van Vuuren**



**Prof Martin van Vuuren** **MB ChB (Pret), M Prax Med (Pret), MRCGP, Dip Gereg Gen (SA)**
Dept Huisartskunde
Fakulteit Geneeskunde
Universiteit van die OFS
Bloemfontein

## Curriculum vitae

Prof Martin van Vuuren is sedert byna die begin van die Dept Huisartskunde te Bloemfontein se stigting in 1979 lektor. Hy het aan die Universiteit van Pretoria studeer, die MB ChB in 1962 en die M Prax Med in 1971 verwerf. Ten tye van sy nagraadse studie het hy as sending geneesheer by Matlala hospitaal gewerk. Hy het ook 'n besoek aan Engeland gebring en die MRCGP daar verwerf. Huidiglik is hy ook mediese hoof van die Bloemfonteinse ambulansdiens. Hy speel graag skaak en tennis. Sy vrou Febe verpleeg deeltyds en hulle het twee dogters en twee seuns.

*Sketse deur dr Louis Heimstra*

"You physicians are a group apart. You are a strange race. The wife of a physician should be as different from other women as her husband is different from other men".

"It may be that doctors need a woman's guidance and companionship more than other men. Happiness comes to them as a reward, secondarily. There are other urges than the pursuit of happiness that keep them going.

But what can a physician do? For no woman would marry him if she were in her right mind." W Penfield.

Volgens statistieke is tussen 7 en 10% van alle geneeshere onderworpe aan een of meer van die volgende toestande: selfmoord, depressie, dwelmmisbruik, alkoholisme en gebroke huwelike.

Hierdie syfer is hoër as dié van die algemene bevolking. In 'n opname in die RSA is gevind dat 6,3% van stedelike huisartse en 3% van plattelandse dokters verdowingsmiddels misbruik.

In die RSA is gevind dat 36% van stedelike huisartse en 40% van plattelandse geneeshere minder as een uur per dag aan hul gesinne bestee.

Geneeshere is 30 tot 100 keer meer as die algemene bevolking vatbaar vir dwelmverslawing. (Syfers uit die VSA)

Dokters se vrouens pleeg 4,5 maal meer selfmoord as dié in die algemene bevolking.

"The children of drs have 50% more chance of being failures than others of their kind because there is only one to teach them" (JB Mclinton)

"Doctors are the only professionals in our culture who are sanctioned by society to neglect their families".

Die huisarts se gesin en vrou is dus 'n unieke gesin en sy vrou moet iemand wees wat heelwat meer spanning en ongerief en probleme kan hanteer as die deursnee vrou.

Sy moet bereid wees: om alleen huistoe te gaan nadat hy weggeroep is terwyl hulle by die teater was; om op die laaste tippie planne om saam te gaan vleisbraai te kanselleer; of bereid wees om terwille van die kinders alleen daarmee voort te gaan; om by haar man se verjaarsdagparty die geselskap aan die gang te hou terwyl hy 'n bevalling afhandel: om te aanvaar dat hy selde tuis is vir etenstye.

Die huisarts se vrou moet onregverdiglik kompeteer met die ontvangsdame wat altyd netjies, vriendelik, en geduldig is, wat iemand is wat nooit kla nie, wat alles doen wat hy sê sonder om hom te bevraagteken. Hy sien nie sy ontvangsdame wanneer sy vaak in die oggend met krullers in haar hare en sonder grimering



*Die huisarts sien sy vrou (en nie sy sekretaresse nie) soggens vroeg met krullers en sonder grimering.*



*Hy sien sy vriendelike sekretaresse net op haar beste.*

is nie. Hy sien haar ook nie wanneer sy in 'n tirade uitbars teenoor die kinders wat nou net die laaste strooi was nie.

Sy moet aanvaar dat haar man na intieme sake van ander vroue luister, wat hy nie met haar mag bespreek nie, dat wanneer sy siek is, sy nie haar eie dokter kan kies nie, maar met die beskikbare een, (haar man), en met monsters wat hy van die "reps" gekry het, tevrede moet wees.

Wat die huis betref mag sy nie 'n groot hond aanhou nie — ter wille van pasiënte wat haar man na-ure kom spreek; sy mag ook nie 'n gelaaide pistool onder haar kussing hou nie, want sy mag haar man, wat laat inkom, dalk aansien vir 'n inbreker!

Sy moet dinge by die huis doen wat ander mans gewoonlik doen; bv krane regmaak, stukkende speelgoed las, toesien dat die wasmasjien herstel word, ens.

Sy is "die-dokter-se-vrou", en dit word verwag dat sy altyd vriendelik en goed geklee moet wees.

Sy is nie 'n persoon in eie reg nie, maar weer die-dokter-se-vrou; die mense kyk by haar verby na haar man.

Sy moet as 'n buffer tussen haar man en die publiek dien. Haar eie ontwikkeling word gekortwiek deur kinders, en deur die telefoon wat sy moet oppas; sy raak nou agter by haar man wat in sy werk opgaan en in die gemeenskap 'n leierskapsrol inneem.

U besef dus dat die huisarts se vrou 'n heel besondere mens moet wees. Een wat al bogenoemde eise sal kan hanteer en benewens dit alles ook nog vir hom 'n vrou, metgesel en maat is. Maar sy kan tog nie volmaak wees nie — sy het ook haar eie behoeftes en swakhede en hy sal moet besef dat hy nie die enigste en belangrikste in die huis is nie.

Navorsing wat deur 'n dr SB Nelson ('n psigiater, en haar man 'n huisarts) gedoen is, ontleed die geneesheer se huwelik.

Sy het bevind dat die meeste dokters sekere eienskappe in gemeen het wat van hulle veeleisende eggenote maak.

Hier volg nou van haar bevindinge.

**Eienskappe wat geneeshere in gemeen het:**

1. Hy is gewoonlik sukses-georiënteerd en kompulsief.

2. Hy is trots op oorproduksie; in plaas van om een taak goed te doen en af te handel, is hy nog skaars klaar, dan vra hy alweer wat hy vir 'n encore kan doen.

3. Sommige het 'n patologiese oorontwikkelde vermoë om ontspanning en plesier uit te stel.

4. Sy lewenspatroon is om 'n berg werk af te handel en as hy klaar is, pak hy die volgende een aan.

5. Hy word aangevuur deur die bewondering van andere wat hom loof vir die 18 uur dag wat hy werk. Hoe meer sy pasiënte hom waardeer, hoe meer werk hy. Hy word deur sy werk verlei.

6. Heeldag het hy sy eie besluite geneem; besluite wat ander mense se lewens intens raak, en nou is hy net 'n moeë, en emosioneel — gedreineerde mens wat 'n groot behoefte het om sy battery weer te laai. Ongelukkig is hy self meestal nie van hierdie gevoel bewus nie. Hy het dus emosionele ondersteuning nodig maar hy kan nie, en wil ook nie, daarvoor vra nie.

Geneeshere is mense met onderdrukte emosies en gevoelens, want by al sy pasiënte moet hy onbetrokke bly. As gevolg hiervan is hy nie instaat om sy eie probleme te herken nie, of hy wil dit nie erken nie. Pasiënte drink, het gebroke huwelike, hul senuwees pak op, word siek; maar nie hy nie.

Hierdie is 'n beskerming vir hom teen ooridentifisering met siekte en dood. Gevolglik, wanneer hy of enigeen van sy gesin siek word, kan hy óf oorreageer, of dit ontken en verkleineer en maak hy asof die simptome nie ernstig is nie. Byvoorbeeld: wanneer sy vrou siek is, steur hy hom nie daaraan nie, of hy dink sy is besig om te sterf! Wanneer daar huweliksprobleme is, is dit nooit sy skuld nie en:

— gee hy haar 'n preskripsie of,

— stuur hy haar na die psigiater of,

— hy onttrek homself in sy spreekkamer deur net nog langer ure te werk.

Die vroegste waarskuwingsteken van probleme met sy huwelik is gewoonlik dat hy begin voel sy pasiënte waardeer hom meer as sy vrou en kinders. (Vincent) Dus hy werk laat, vermy vakansie, voel onmisbaar, kry min oefening, eet en rook te veel, voel aanmekaar moeg en kort slaap, en dink hy is immuun teen siekte en stress.

**Gevaarlike veronderstellings**

Daar is sekere veronderstellings wat dokters dikwels maak wat die stress op sy vrou baie kan verhoog.

1. Die veronderstelling dat sy rol is om siekte en dood uit te wis.

Dit het tot gevolg dat hy al hoe harder werk, uitgeput raak en uiteindelik 'n gevoel van wanhoop en mislukking ontwikkel, wat kan lei tot die gebruik van alkohol en geneesmiddels.

2. Die veronderstelling dat hy onmisbaar vir sy pasiënte en professie is.

Daar word vermoed dat die geneesheer wat mees kwesbaar vir praktykspanning van hierdie aard is, iemand is wat tydens sy kinderjare emosionele gebrek en gebrek aan sekuriteit gehad het. Wanneer hierdie gevoelens in die volwasse jare aanhou, veroorsaak dit 'n uitermatige behoefte om deur sy pasiënte aanvaar en gewaardeer te word. Die risiko is dat sy gesin gevolglik geen aandag van hom kry nie, en dat sy pasiënte 'n oorafhanklikheid van hom ontwikkel. Hierdie gevoel kan so erg wees dat hy moeilik 'n pasiënt se dood, of selfs sy beterskap, kan aanvaar — dan het hulle hom mos nie meer nodig nie!

3. Die veronderstelling dat professionele belang en eie waarde dieselfde is.

Dokters wat baie hoog deur hul pasiënte geag word, vind dit uiters moeilik om te verwerk dat hul kinders en eggenote nie ook dieselfde agting en respek vir hul het nie.

Sekuriteit en 'n goeie selfbeeld gaan hand aan hand. Gesonde persoonlike verhoudings met sy gesin bied addisionele sekuriteit wat veral in latere jare van al hoe groter belang word.

4. Die veronderstelling dat sy vrye tyd voldoende vir sy huwelik en gesin is.

5. Die manlike geneesheer wat van die veronderstelling uitgaan dat hy 'n goddelike geskenk aan die vroulike geslag is, en wat aan sy vrou vertel dat haar gevoelens van jaloesie alles agv 'n lae selfbeeld is en dat dit haar probleem is en nie syne nie, is sekerlik 'n wanopvatting wat ernstige reperkussies tuis kan hê.

**Die vrou se siening en eienskappe wat 'n rol speel**

Uit 'n opname wat in Florida gemaak is, was die bevindinge:

— 95% van die vrouens het gevoel hul mans verwaarloos hul.
— Praktyk is nr. 1 in hulle lewe
— Praktyk is 'n beter verskoning as 'n hoofpyn om weg te bly van die skoolsluiting, van die vervelige geselskap of van die konsert.



*Sy reageer deur goed te wil lewe – net die beste is goed genoeg.*



*Die huisarts se vrou is gewoonlik meer afhanklik en met 'n groter behoefte aan liefde en toenadering as die deursnee vrou.*

Hy kan dus so sy praktyk gebruik om homself af te sonder van sy gesinsverpligtinge.

Sy vrou reageer, en óórreageer, hierop deur:-

— Goed te lewe (net die beste is goed genoeg); of,
— Ek sal jou wys: psigosomatiese klagtes, buite egtelike verhouding, alkohol.

Sy vind dit onmoontlik om haar emosies teenoor haar man uit te spreek (wrewel agv sy afwesigheid) en haal dit dan op een van die kinders uit.

So ontstaan 'n bose kringloop.

Daar is ook deur Nelson bevind dat in dié huwelike met probleme, daar gemeenskaplike eienskappe by die vrou te vind is:

— sy is meer afhanklik as die deursnee vrou
— sy het 'n groot behoefte aan liefde en toenadering,

terwyl sy getroud is met 'n man wat intellektueel onafhanklik en emosioneel afgesonderd is. Hierdie is dalk juis die rede waarom hy haar gekies het omdat sy eienskappe besit waaraan sy self 'n leemte het.


Hulle praat verskillende tale; sý die van *emosie*, en hý die van *logika*.

**Oplossing**

— Elkeen kan sy of haar eie persoonlikheid aanwend ter bevordering van die verhouding.

— Hy moet leer om homself te deel met sy familie. Moedig hom aan om te gesels oor sy bekommernisse, vrese en vreugdes. Slegs dan sal sy vrou aan hom die emosionele ondersteuning kan gee wat hy benodig.

— Probeer een aand per week saam alleen te wees, sonder die kinders. Niemand mag hierop inbreuk maak nie. Hierdie reëling geniet voorkeur bo die werk.



*'n Bietjie opleiding in verskillende aspekte van praktykvoering en noodhulp sal die huisarts se vrou baie help – veral wat op telefoniese navrae betrekking het.*

— Gaan vir naweke saam weg (sonder die kinders).

— Indien prakties moontlik, sal dit van waarde wees indien die eggenote van die huisarts opleiding kan kry in aspekte van praktykvoering soos praktyksbestuur, telefoonhantering, asook noodhulp wat op telefoniese navrae betrekking het (bv neusbloedings, borskaspyn, gastroënteritis, ens.)

— Moedig hom aan om die kinders saam op huisbesoeke te neem.

— Sport en fisieke oefening is 'n uiters waardevolle teëvoeter teen stress, frustrasies en depressie. Wanneer albei saam deelneem word dit van onskatbare waarde vir die huwelik.

Om weer te beklemtoon: "Die dokter se vrou is 'n unieke wese. Sy slaag tog meesal daarin om, ondanks swak mediese versorging, min aandag en 'n uiters onvoorspelbare gesinslewe, getrou en lojaal te bly!"

***Die belangrikste tyd in ons lewens is die tyd wat ons aan ons gesinne bestee.***

**Bronnelys:**


1. Nelson S B. Some dynamics of medical marriages. *J Roy Coll Gen Pract* 1978; 28 (195): 585-6.
2. Nelson S B. Is there a doctor in the house. *J Roy Coll Gen Pract* 1981; 31 (233): 715-22.
3. Vincent M O. The Doctor's own well-being. *Modern Medicine* 1984; 9 (11): 109-15.
4. Parker G et al. The Doctor's wife. *Med J Aus* 1976; 2: 103-6.
5. Caarstens A J; Die Dilemma van die Huisarts. *S Afr Fam Pract* 1984; 5 (3): 78-83.



Rx Peak Performance




EXPIGEN® Reg No. E/10.1/21
Two medicine measurefuls (10 ml) contain:
Sorbimacrogol Laurate 300 ........ 36.33
Ammonium Chloride ........ 34.00
Alcohol ........ 7.1%
Sodium Benzoate ........ 0.12%

Keatings Pharmaceuticals
A division of Adcock-Ingram Laboratories Ltd.
50 Commando Road, Industria 2092
Tel. (011) 673-4000
(Reg. No. 01/04852/06)